

# Erediens Sondag 29 Maart 2020

**Prediker: Ds. Callie Visagie**

**Skriflesing: Matteus 26:31-35**

**Tema: Hoe reageer ek as dit benoud om my raak?**

Ons lewe in 'n vinnig veranderende wêreld waar omstandighede nie net in ons eie land nie, maar oor die wêreld heen binne weke en selfs dae verander het. Met president Ramaphosa se aankondiging Maandagaand is ieder en elk nou getref deur die katastrofiese gevolge as daar nie drastiese stappe in SA geneem word om die virus hok te slaan nie. Dit het 'n impak op almal van ons se lewens. Dit het te doen met:

- My eie gesondheid, maar ook met die vermoë wat ek het om die virus aan iemand anders oor te dra wat miskien baie meer vatbaar is as gevolg van sy of haar gesondheidstoestand of ouderdom.
- Die enorme gevaar wat dit inhou vir werkers in die openbare sektor, ondersteuningsdienste en ander dienste wat moet aangaan – om nie eens die risiko van alle gesondheidswerkers te beklemtoon nie.
- Die uitkringende effek daarvan op wêreldwye sportbyeenkomste, die reisverbod wat die meeste lande ingestel het, mense wie se lewensomstandighede ontwrig is. Families wat van mekaar geskei is en nie by mekaar kan uitkom nie, het 'n geweldige effek op mense se lewensbestaan en psige.
- Die ekonomiese impak is in die woorde van 'n kollega van my 'n “no brainer”. Die impak op kleiner besighede, veral restaurante, die toerismebedryf is enorm met verliese aan inkomste en duisende mense wat hulle werk gaan verloor.
- Die realiteit van die verliese: JSE en wêreldwyd en die rand se vryval sedert die aanvanklike aankondiging deur die president het verrykende impak op vele pensioentrekkers waarvan sommige 30% en selfs nog meer van hulle waarde in fondse verloor het.
- 'n Resessie en selfs 'n depressie mag ons voorland wees en die impak nie net op ons as geloofsgemeenskap nie, maar op ons eie en die wêreld ekonomie is onberekenbaar.

**Die vraag is: Hoe reageer ons as die dreigende wolke saampak en dinge om ons benoud raak?**

- As die brander van die storm om ons lewensboot hoog in aantog is
- As ons sien hoe 'n tsunami wat ons nie kan sien nie in die vorm van 'n onsigbare (met die oog) virus ons almal se lewens dramaties kan omkeer.

**In die lydenstyd staan ons stil by persone rondom Jesus op sy weg na die kruis.** Hierdie gedeelte is die teksvers wat ons maande gelede beplan het vir hierdie spesifiek Sondag. Ek het besluit om daarby te hou, want dit spreek in 'n totale ander konteks as vandag, maar met dieselfde boodskap.

Hoe tree ek as dissipel van Jesus op as my lewe bedreig word?

In die gedeelte wat ons gelees het, is Jesus in gesprek met sy dissipels oor hulle lojaliteit aan Hom. Vers 31: Toe sê Jesus vir hulle: “Julle almal sal My vannag nog in die steek laat.”

33 Daarop het Petrus vir Hom gesê: “Al sal hulle U ook almal in die steek laat, ék sal U nooit in die steek laat nie.”

34 Toe sê Jesus vir hom: “Dit verseker Ek jou: Vannag nog, voordat die haan kraai, sal jy My drie maal verloën.”

35 Petrus sê vir Hom: “Al moet ek saam met U sterwe, ek sal U beslis nie verloën nie!”

## Al die ander dissipels het ook so gesê.

**Ons lees later toe Jesus gevange geneem is in 26:56** *Toe het al sy dissipels Hom in die steek gelaat en weggehardloop.*

En meer spesifiek oor Petrus se optrede in die binnehof toe die diensmeisie aanvanklik vir hom vra of hy saam met die Galileër is. “ek weet nie waarvan jy praat nie” Dit gebeur ’n tweede keer met ’n ander diensmeisie en

73 'n Rukkie later kom die manne wat daar staan, na Petrus toe en sê: “Dit is waar, jy is ook een van hulle. 'n Mens kan dit aan jou spraak hoor.”

**74 Toe begin hy vloek, en hy sweer: “Ek ken die man nie!”**

75 En op daardie oomblik het daar 'n haan gekraai. Toe val dit Petrus by wat Jesus gesê het: “Voordat die haan kraai, sal jy My drie maal verloën.” En hy het buitentoe gegaan en bitterlik gehuil.

In ons huis hang ’n opdragskildery wat Hannes Burger ongeveer 5 jaar gelede gemaak het as opdrag vir die Via Dolorosa-uitbeelding wat ons in die gemeente aangebied het. Die skildery het hy getitel: **“Wie, ek, Here?”** In die skildery vra die dissipel aan die Here (verontskuldigend!)

- Ek, Here? Sal ek U in die steek laat? Ek wat lojaal aan U is? Wat vir drie jaar met U ’n pad loop? U getrou volg?
- Ek en jy wat vir jare met die Here ’n pad loop en Hom as ons Here en Verlosser ons lewe lank bely en erken?

**Hannes het destyds onder meer die volgende oor die skildery te sê gehad:**

- Die skildery beeld nie een spesifieke dissipel uit nie – nie Judas of selfs Petrus nie, maar almal. Al die dissipels se loyaliteit het nie lank gehou nie. (26:56) *Toe het al die dissipels hom in die steek gelaat ...* Petrus se optrede word net baie meer onder die soeklig geplaas met die haan wat drie keer gekraai het na sy duidelike ondersteuning van Jesus.

Daar is enkele aspekte in die skildery wat onder meer uitstaan:

- **Gesig:** In die skildery is die dissipel se gesig geteken met ’n DONKER en LIGTE kant. Hierdie karaktertrek skuil in elkeen van ons . . .
- **Die hande:** Hannes sê hy het sy eie hande geskilder (veelseggend wat die handewas in hierdie tyd as simbool beteken). Dit kan nie ek wees nie. Nog nooit. Ek loop ’n pad met U. U hoef nie te twyfel aan my loyaliteit en ondersteuning te hê nie.

Ek loop elke dag by die skildery verby om my daaraan te herinner . . .

Bekommernis/vrees vir vikitimisasie, onsekerheid, oorlewing, blootstelling, tekort, veiligheid, gesondheid, armoede, werkloosheid, gevaar – noem maar op, laat ons soms bykans teen ons natuur optree.

- Dan skyn die lig op ons gesig nie meer so helder nie.
- As ons in ’n hoek gedruk word.
- As die nood druk en die gevaar dreig.
- My omstandighede benouend raak, of ek onveilig voel.

Onsekerheid maak dat ons bekommerd is. Dat ons bang word, vreesbevange, want ek weet nie. Ek weet nie wat die uitkoms gaan wees nie. Hoe dinge gaan uitdraai. Ek het nie beheer nie. Want ek is bekommerd. Bekommerd oor die toekoms die uitkoms. Bekommernis steel ons vreugde en veroorsaak spanning. Spanning ly tot groter vrees.

- Mense om ons is bekommerd: Kan ek die virus kry, kan ek iemand aansteek, hoe gaan ek finansiële oorleef, wat van my kinders, hoe gaan my ouers vaar as hulle die siekte opdoen?
- Dit is soos ’n klein stroompie wat sterker vloei en jou oorweldig.
- Dan raak ons paniekerig en tree teen ons goeie wil op.
- Tree ons irrasioneel op omdat ons bedreig word, teen ons beterwete in oomblik van nugterheid, want ons wil uit die situasie kom. Ek wil oorleef, want ek kan iets oorkom. En dan kraai die haan . . .

Elkeen van ons moet elke dag doelbewus kies hoe ons optree en reageer. Nie in 'n oomblik van paniek of waansin nie, selfs met die geweer teen my kop. Getrou aan wie ek ten diepste in Christus is.

- Ons moet onthou dat die Here elke oomblik by ons is.
- Dit is wat sy inkarnasie/inwoning van Jesus Christus is. God is nie ver nie. Hy het Immanuel geword, God by ons. In ons nood, angstigheid onsekerheid. Hy het naby aan ons gekom in Jesus Christus. In ons kom woon. In die woorde van die ou Ierse gebed. "Hy is bo-, onder-, langs-, voor-, agter-, en in-ons.

Oor eeue het Christene en gelowiges saam met ander mense hulle staal gewys wanneer moeilikheid en krisis toeslaan. Nie net hul staal gewys om net na hulleself om te sien nie, maar in die besonder tot diens gewees.

Op watter wyse verloën ons as geloofsgemeenskap en individue Jesus in dié krisistyd? Dit kan op verskeie maniere gebeur, maar in die konteks van die teks: As ek net aan myself dink en hoe ek uit die situasie kan kom. Dat ek toelaat dat my VRESE my oorweldig. Vir Petrus dat die diensmeisie of die omstanders kan agterkom wie hy is met die dienooreenkomstige gevolge . . .

#### **Daarom vra die Here van ons in dié tyd:**

- Die oplossing lê in die beheer van ons gevoelens.
- God is in beheer en Hy is getrou.
- Josua volg vir Moses op en moet die Israeliete in die beloofde land inlei.
- 12 verspieders sien net die moeilikheid, maar Josua en Kalib kyk anders daarna.
- Ons hoef nie lam bene te hê nie.

#### **Oor eeue het Christene hul staal gewys as ek dit so kan stel wanneer die wêreld in groot krisis gedompel was:**

**Tydens die groot plaë in die tweede en derde eeu** het Christene nie soos die meeste ander mense uit die stad gevlug nie. Baie het agtergebly om siekes te versorg, sterwendes by te staan en dooies te begrawe. Dit was 'n belangrike faktor waarom die Christendom onder meer in die eerste eeue so vinnig gegroei het. Die vreeslose diens het talle ongelowiges oortuig van die liefde en krag van Christus.

**In 1527 het Martin Luther** ook met die uitbreek van 'n plaag te doen gehad. Twee eeue na die sg. Swartdood wat bykans 'n 1/3 tot 2/3 van die wêreldbevolking laat omkom het, het builepes in Wittenberg en omliggende dorpe uitgebreek. Ten spyte van die stadvaders se standpunt dat hy na Jena moes vlug om daar sy werk as dosent voort te sit, het Luther gekies om in Wittenberg te bly en gemeentede te versorg. 'n Kollega op 'n buurdorp het by Luther raad gevra oor wat 'n Christen te doen staan in so 'n tyd. Luther het per brief geantwoord met die titel: "Is dit geoorloof om tydens 'n dodelike plaag te vlug?"

Tyd ontbreek om die hele brief te lees, maar sy antwoord is 'n mengsel van teologiese denke en praktiese raad. Hy sê onder meer: "**As jy in enige posisie is om siekes en sterwendes te versorg, kan jy nie self vlug nie.**"

Luther dring by sy tydgenote aan om Jesus te volg en op Hom te vertrou. Dat gelowiges nie in vrees hoef te leef nie. Dat - as ons sy voorbeeld en opdragte volg - ons sal kan onderskei om reg op te tree in 'n onseker tyd. 'n Tyd van groeiende vrees. Dan ontdek ons wat dit beteken om Jesus nie te verloën nie. Dat dit in hierdie spesifieke situasie met medemenslikheid te doen het.

### **Wat beteken dit vir ons as gelowiges vandag?**

Ons hoef nie in vrees te leef nie. Jare gelede het ek die verhale geles van die Boere-krygsgevangenes op St. Helena.

Hulle het natuurlik baie tyd gehad en een van hulle het gaan tel (seker nog in die destydse Hollandse Bybel) hoeveel keer daar in die Bybel gesê word dat ons “nie moet vrees nie”.

- 365 keer in die Bybel. Een keer vir elke dag van die jaar, het die gevangenes vir mekaar gesê.
- ‘n Ander een het hom gaan kontroleer en agtergekom dat hy verkeerd getel het. In werklikheid was dit 366 keer. Vir die skrikkeljaar ook!

Of dit nou heeltemal korrek is, is nie ter sake nie, maar daarin kry ons die vertroosting - ek kan verantwoordelik en met groot vertrouwe staan by die feit dat “ons Hom ken”. Dit vra van ons spesifieke optrede. Om nie weg te skram en in ontkenning te leef nie, maar die “onsigbare vyand” met doodgewoon praktiese en positiewe lewenswyse aan te durf.

### **Wat vra dit dus van ons?**

**1. Gebed:** Kom ons verootmoedig ons in gebed voor die Here. Vanuit die ekumeniese kerk is daar versoeke om ons op Sondag en Woensdag spesifiek voor die Here te verootmoedig. Kom ons steek ons kerse aan. Sit ons kruise op ons voordeure. Kom ons bid in die besonder vir:

- Die besluitnemers oor die wêreld heen, en veral vir president Ramaphosa vir wysheid vir die bestuur van ons eie situasie.
- Ook in die besonder vir al ons mediese personeel en persone in alle openbare sektore.
- Die wetenskaplikes wat in ‘n wedloop teen tyd gewikkel is om die regte medisyne en teenmiddels te ontwikkel.
- Weerlose en arm mense wat hulle nie kan afsonder soos gewone middelklas mense nie. Oes van dae, armes wat in hierdie dae nie genoeg brood op hul tafel het nie.

**2. Persoonlike toekeer tot die Here:** In ‘n tyd van vrees en onsekerheid laat ons anders kyk na ons eie broosheid en afhanklikheid. Soek die Here op ‘n nuwe manier en vra na sy wil vir jou lewe, jou eie rol en roeping, en jou toewyding aan Hom.

Ps 32:6 Dit is waarom elke gelowige in ‘n tyd van nood tot U bid.

**3. Ons dink nuut oor wat dit beteken om kerk te wees:** Op innoverende maniere het baie gemeentes begin om dienste op Facebook, YouTube en ander platforms as potgooie te plaas. Skielik is terme wat ‘n dekade gelede gereeld in IT-gesprekke oor die ontluikende digitale wêreld gebruik is, naamlik “online religion” ‘n realiteit.

Wie weet, dalk bring hierdie nuwe tyd ons almal ‘n paar treë nader aan die essensie van geloof soos wat die Nuwe Testamentiese Christene dit beoefen het. Hulle het nie amptelike geboue gehad vir samekomste nie. Of voltydse personeel nie. Hulle geloof het in woonhuise en op die markplein van die lewe gebeur.

Ons solidariteit en saamwees is nie in ‘n kerkgebou vasgevang nie. Daar waar jy oor jou selfoon kyk of op die rekenaar of jou TV. “Daar waar twee of meer in my naam saam is” kry ‘n besondere nuwe betekenis in hierdie tyd.

**Op praktiese vlak deel ek kortliks Bill Gates se lesse wat ons kan leer (verkort) en hoe ons prakties positief kan optree.**

**Dit herinner ons:**

**1. Dat ons almal gelyk is,** ongeag ons kultuur, godsdiens, beroep, finansiële situasie en of ons bekend of beroemd is of nie. Hierdie siekte behandel ons almal gelyk, miskien moet ons dit ook doen.

**2. Dat ons almal aan mekaar verbind is** en dat iets wat een persoon beïnvloed, ‘n invloed op ander het. Die vals grense wat ons opgestel het tussen mekaar, het min waarde, aangesien hierdie virus nie ‘n paspoort of kleur het nie.

**3. Aan hoe kosbaar ons gesondheid is** en hoe ons dit verwaarloos deur voedsel wat swak vervaardig word en drinkwater wat met chemikalieë besoedel is, te eet.

**4. Aan die kortstondigheid van die lewe** en aan die belangrikste wat ons moet doen - om mekaar te help en ondersteun, veral dié wat oud of siek is. Ons doel is nie om toiletpapier te koop nie.

**5. Aan hoe materialisties ons samelewing geword het** en dat ons in moeilike tye moet onthou dat dit die noodsaaklikhede is wat ons nodig het (kos, water, medisyne) in teenstelling met die luukshede waaraan ons soms onnodig waarde gee.

**6. Aan hoe belangrik ons gesin en familielewe is** en hoe maklik ons dit verwaarloos het. Dit dwing ons terug na ons huise, sodat ons dit weer in tuistes kan omskep om ons gesinseenheid te versterk.

**7. Om ons ego's in toom te hou.** Dit kos slegs 'n virus om die wêreld tot stilstand te bring.

**8. Dat ons geduldig kan wees en nie paniekerig hoef te reageer nie.** Hierdie tipe situasie het al tevore in die geskiedenis plaasgevind en ook dit sal verbygaan.

**9. Dat dit óf 'n einde óf 'n nuwe begin kan wees.** Dit kan 'n tyd van nadenke en begrip wees, waar ons leer uit ons foute.

**10. Dat hierdie aarde siek is.** Dat ons net so dringend moet kyk na die snelheid van ontbossing as wat ons kyk na die spoed waarop toiletpapier uit die rakke verdwyn. Ons is siek omdat ons aarde siek is.

**Ten slotte dan aan elkeen van u van my kant:** Terwyl baie mense hierdie as 'n groot ramp beskou, kom ons kyk eerder daarna as dat God ook hierin teenwoordig is en dat ons nie bang hoef te wees nie, maar getrou en verantwoordelik kan optree. As ligdraers in 'n tyd van oënskynlike donkerte. As mense wat uitreik oor alle grense heen – op nuwe en kreatiewe wyses.